**<u>Aanddiens</u>**

**<u>Tweede diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 84:1,2; Ps. 19:1,4; Ps. 145:1,8,12.

**<u>Lees:</u>** Psalm 145; Son 47

**<u>Teks:</u>** Psalm 145:21

**<u>Tema:</u> Ons bid dat ons God so sal ken dat sy Naam in die ganse skepping geprys mag word.**

***Die kennis van God se Naam***

Om die Here reg te aanbid is dit belangrik dat ons die Here reg sal aanroep en sy Naam sal ken. Wanneer ons bid dat die Here se Naam geheilig moet word gaan dit daaroor dat ons sy naam reg sal ken. Die Here maak Homself aan sy kinders bekend sodat ons Hom nie sal aanroep en aanbid op die basis van wat ons van Hom dink nie, maar soos hy Homself aan ons openbaar. Dit is daarom baie belangrik dat ons erns sal maak met die openbaring van die Here in die natuur en Skriftuur sodat ons Hom reg sal ken. Alleen dan kan ons Hom in gehoorsaamheid dien en verheerlik.

***Die eienskappe in God se Naam***

Die heerlikheid van God se naam bevestig die wesenseienskappe van die Here self. In die boek van die natuur kan ons sien hoe die almag, wysheid en goedheid van die Here sigbaar gemaak word. Die geslagte van die aarde sien dit en verkondig dit aan mekaar. Die wonders van die skepping getuig hoe goed en ondeurgrondelik die weë van die Here werklik is. die boek van die Skriftuur bevestig dit wat in die natuur duidelik word, maar openbaar ook die regverdigheid, waarheid en barmhartigheid van die Here soos hy dit in Christus aan ons bekend maak

***Die verheerliking van God se Naam***

In die eerste bede gaan dit hoofsaaklik om die erkenning en eer van die Here se naam. Die bede is egter nie net ŉ erkenning van wie die Here is nie, maar ons bid ook dat Hy deur sy Gees die geloof in ons harte sal vestig en werk. Ons bid dat die Here se naam om ons ontwil so deur ons verheerlik word dat sy eer in die hele skepping sal skitter. Wanneer die een geslag aan die ander vertel hoe heerlik en wonderbaarlik die Here se Naam en wese is sal sy heerlikheid in die hele skepping uitgedra word.